

Nomades Voetslaanklub Natale Drakensberg – Injisuthi.

3 tot 6 April 2015.

Marius Stander, Charl Roux, Vicky Oosthuizen; Elsabé During, Erna Lubbinge in die groepsaal; Wilna Moolman, Christo Vlok; Paul Snyman, Christi Blignaut en Renchia in hul eie tente, Jan & Corrie du Preez en Nico & Jennifer Roets in die safaritente. 14 siele teenwoordig.

Nog drie sou saamgekom het en in die groepsaal geslaap het, maar kon agv. persoonlike omstandighede dit nie maak nie. Ons slaap in 'n 8-bed groepsaal met en-suite badkamer, volledige toegeruste kombuis en beddegoed; dan 2 safaritentent(foto regs) met elkeen twee beddens, 'n lekker stoepie en gas-plate en dan 5 persone wat tent.



Vrydag oggend vetrek almal en ry die sowat 480km via Winterton en Loskop, 'n intresante 'landelike' gemeenskap. Die laaste 30km is maar uitdagend aangesien die pad wissel van goeie-teer met slaggate, goeie grondpad, goeie teer en sommer ook stukkies slegte grondpad. Almal bereik darm deur die loop van die middag Injusutikamp van KZN wildlife in Drakensberg-park. Knus ingenes in 'n stukkie vlakke waar twee riviere,



o.a. Die klein Tugela bymekaarkom. Hier is 15 luukser chalets, dan die groepskamer, 3 safaritentent en tentstaanplek vir 120 persone. Vrydag aand maak 'n groepie hulle eie potjiekos en die ander braai saam.



Saterdag 4 April. Ons begin naby die groepskamer te stap op 1460m bo seevlak en volg die Marble Bath cave bordjies. Na 'n lekker opwarms-opdraande deur die Geelhout bos met sy vele mos en groen-plantegroei, al langs die 'Old womans' stroompie op en al sy klein watervalletjies en poeletjies, dan oor 'n hout-bruggie, op met 'n grasvlakte en stadigaan maar aanhoudend begin ons die groot groen kloof op te klim. Verby vele Protea bome en intresante rotsformasies.

Net daar êrens op kilometer 2.1 laat ek my hand-GPS val en na 'n kort soek, nie gevind nie. Ons moet aangaan, die son wag vir niemand nie. Ek voel kaal sonder my speelding en hulpmiddel. Al

ons belangrike draaipunte was ook op hom gelaai.

Nog op en op, maar die paadjie goed gedefinieer, jy kan nie werklik verkeerd gaan nie. Nou en soms bietjie glad maar ons gaan aan. Dan skielik is Grindstone grot (oorhang) 1 hier voor ons. 1834m. Jy sou dit kon mis, aangesien hy redelik verskuil is agter 'n klomp bosse, hoë gras en 'n watervalletjie. Twee klein paadjies tussen lewenshoë gras lei ons binne. Die dak is laag en jy kan nie oral regop staan nie. 'n Paar manne help darm om die dak regop te hou. Bietjie asem geskep, gesigte afgespoel, waterbottels onder die stortende waterval se drup volgemaak en 'n ietsie ge-eet.

Weer op pad. Nou het ons die mees fantastiese vergesig uitsigte op die valei, waarin die Old woman stroom dan ook afkom. Ons loop ook deur nog 2 groot oorhange waarvan een bekend staan as Grindstone oorhang 2, wat 'n baie beter oor-slaap-plek sou wees as Grindstone 1. Baie groter en droër. 'n groot ou meulsteen lê dan ook nog in die' oorhang. Hierdie oorhang kan ook bespreek om in te ornag. Al onder die die rotsband min of meer op die kontoer om, dan op, om en oor die bo-kant van die een waterval (1846m) wat ons al van ver af sien. Dan nog op en oor



nog 'n stroompie 1898m. Weer bietjie gerus en die vergesigte ingedrink en die ongerepte skoonheid probeervasbrand in die geheue. Nog op tot in 'n saaljie op hoogte 1996m. Nou die groot afdaal in die Cateract Valei tot op die grasvlakte onder op hoogte 1600m. Oral is weer die mooiste stroompies wat ons kruis, klipformasies, rotswande, watervalle teen die hange en stukkie woud oral. Mooi. Nou sowat 2.6km in die vlakte min of meer langs die Delumniwazini rivier langs tot weer by ons kampplek. Totaal vir die dag was sowat 13.5km oor lekker wissellende terein, op, af, vlaktes, woude, grotte en oorhange, gly-gly en snelweg.

Pieke: Champagne Castle 3248m Monk's cowl 3245m Cathkin 3149m

Ek vind gou uit by die kantoor om te hoor of iemand my GPS dalk opgetel het, en nee. Ek stap weer so 2.5km op en af, maar niks. Die gras is lank. Ek laat 'n briefie by die bergregister en vra dat as iemand iets optel hulle dit vir my sal bring, maar sonder veel hoop.



Saterdagmiddag braai die hele groep, hutters en tenters saam voor die groepskamer. Jan maak weer pap. Ek het Vrydagaand. Ander maak sous. Stywe spiere en al kuier almal lekker saam om die braaivleisvuur in die stilte van die aand. Na 22:00 nog stiller, as die enkele snorkies hier en daar ignoreer, aangesien die krag-generator dan afgeskakel word. Die wat gekamp het, het as bonus heel nag die kabbelende klank van die stroompies om hulle ook gehad om hul te help slaap.

Sondagoggend. Paassondag. Opstandingsondag. Net na 7:00 kom die hutters by die tenters byeens. Ons stap so 850m met die teerpad af en by die pad-bruggie breek ons weg veld-in. Op met al langs die 'Klein Tugela' rivier. Na so 1.8km ons eerste avontuur. 'n Lekker groot rivierkruising. Skoene uit, kieres uit, en dan voetjie-voetjie en voel-voel oor die stroom wat met plekke nogal sterk vloei. Anderkant weer sitplekkie vind, voete afdroog, skoene aantrek en weer reg vir die pad. Ons neem die meer opsigtelike paadjie langs die rivier op, regs van die inloopstroompie, dan loop ons ons half vas by 'n groot-rotsgroep en vind weer 'n baie mooi stukkie woud en tussen masiewe klippe deur weer die pad. Op en op en dan weer op 'n groter paadjie. Op in die kloof, Na 'n

paar kilometer is die afdraai bordjie na die 'Marble Bath caves'. Paul, Christi en Charl gaan eers op nou saam met 'n toergroep en gaan kyk boesman tekeninge in die nabygeleë Battle cave. Hulle onderneem om by ons aan te sluit by die Marble Baths.

Weer kruis ons 'n stroom op ongeveer 1600m, skoene uit-en-aan. Drink ook gerus die water uit die riviere, skoon en lekker. Rou ongerepte natuurskoon. Geen mensgemaakte strukture in sig, behalwe enkele sementbordjies op kruispunte, of pale ingekap op die paadjie om erosie te voorkom. Nou begin ons redelik styg en die paadjie kry nie einde nie. 12:00 Tyd raak min, maar ons moet by Marble Baths uitkom. Dit is net te mooi en besonders om te los. Die paadjie verdeel weer by twee groot rotsblokke, sonder enige pad-tekens. Ander stappers help bietjie daar en ek is op die regte pad. Steil op en om die kontoer, en daar lê die baddens onder ons. Nog 'n klein entjie se loop. Die Marble Baths grot is dan ook net links van ons waar daar dan ook 'n gesinnetjie die nag oorslaap.

Gladgeskuurde sandsteen rotse (1790m) vorm watervalletjies, poele en twee geute waarin 'n paar van ons heerlijk in afgly. Aan die aantal geskeurde swemklere gemeet, was die 'geute' toe nie heeltemal so glad nie!, maar 'n ware avontuur en 'n moet. Na 13:00 moet ons terug. Al met dieselfdepad langs, verby die masiewe rotse ook al genoem die 'tent' rotse langs die rivier. Dan sien ons waar die paadjie waarmee ons opgekom het met die instap inkom, maar daar is 'n duideliker pad net reguit aan. Ek volg hom. Oor 'n klein stroompie, skerp links af en dan kom ons maklik by die groot rivierkruising uit tussen die hoë grasse. As



ons vanoggend die' paadjie se beginpunt kon vind sou ons ook heelwat meer tyd by die baddens kon spandeer. So rondom 17:00 terug by die kamp. Almal voel ons het geloop. Afstand, teerpad se 850m en 850m ingesluit, was so rondom 17Km vir die dag. Ek kom by my slaapplek en Erna wat nie dag gestap het nie, wys na die tafel. Daar lê my gps. Twee Duitsers het dit opgestel vandag langs die pad, my nota gesien en dit kom teruggee. Wonderwerke gebeur nog. Daar is nog eerlikheid. Christo het sy nuwe GPS ook die naweek saamgebring en begin speel mee, dus kon ek die roetedata darm by kom aflaai en die kaart en hoogteproefiel skep. Dankie Christo vir jou data.

Die aand kuier almal weer rondom die braaivleisvuur(kole). Ons gesels oor die skoonheid en ongereptheid van die plek. Almal stem saam die roetes is nie te maklik nie, en lank maar baie mooi.

Maandag oggend pak almal maar op hul eie spoed op, groet en ons durg die lang pad terug na Pretoria en omgewing. Wat 'n lekker naweek. Ons kom weer.

Finansies: (6 x nie-lede, 11 lede)

Stappers fooie inbetaal.5 tenters, 4 safaritenters en 8 groepskamer persone(3 kon nie saamkom nie). : R8190

Oorbetalings aan KZN Wildlife (3xR1460dorm)+(4xR472.50SafTent)+(5xR240tent)=R7470

Charcole (6 sakke) en brikette : R207.00

Groete, Marius Stander
Nomades Voetslaanklub.

Www.nomades.co.za

E-Pos: MariusStanderPTA@gmail.com

